KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE EERSTE RAADSVERGADERING VAN DIE VIERDE BERGRIVIER MUNISIPALE RAAD, GEHOU OP DINSDAG 16 AUGUSTUS 2016 OM 11:00 IN DIE PIKETBERG NG KERKSAAL, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE:**

| | |
|---|---|
| Rdh A de Vries | [DA] |
| Rdh EB Manuel | [DA] |
| Rdl SM Crafford (Me) | [DA] |
| Rdh RM van Rooy | [DA] |
| Rdl MA Wessels | [DA] |
| Rdl J Daniëls | [DA] |
| Rdl A Du Plooy | [DA] |
| Rdh JJ Josephus | [DA] |
| Rdl A Small (Me) | [DA] |
| Rdl SR Claassen | [ANC] |
| Rdl J Swart | [ANC] |
| Rdl SIJ Smit (Me) | [ANC] |
| Rdl SS Lesch (Me) | [ANC] |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |
| Me AA Somers | - | Klerk Komitee Dienste |
| Me RR Fillis | - | Klerk Komitee Dienste |

AKSIE

**RVN001/08/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Eerwaarde Dr Adonis C Booyse van die Mount Olive Gemeenskapskerk, Piketberg, open die vergadering met skriflesing en gebed. Adv H Linde tree in haar hoedanigheid as Munisipale Bestuurder ingevolge artikels 29(2) en 36(3) van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet 1998 (Wet 117 van 1998) op as voorsitter totdat die verkiesing van die Speaker afgehandel is.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word deur die Munisipale Bestuurder gerig aan die nuutverkose Raadslede, eregaste, kollegas, media en lede van die publiek .

***

**RVN002/08/2016**
**<u>KONSTITUERING VAN VERGADERING EN BEKENDSTELLING VAN RAADSLEDE</u>**
**3/4/2**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat alle raadslede teenwoordig deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie as verkose verklaar is.

Die Munisipale Bestuurder verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat kennis geneem word van die bepalings van die Instellings-kennisgewing van Bergrivier Munisipaliteit; en
2. Dat kennis geneem word dat die volgende raadslede as voltydse raadslede aangewys mag word ingevolge Artikel 9 van die Instellingskennisgewing.
   a. Die Uitvoerende Burgemeester
   b. Die lede van die Burgemeesterskomitee
   c. Die Speaker

***

**RVN003/08/2016**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Alle nuutverkose raadslede is teenwoordig.

***

**RVN004/08/2016**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Dat die item oorstaan.

***

**RVN005/08/2016**
**AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR RAADSLEDE**
**3/4/1**

Die Munisipale Bestuurder versoek elke raadslid om mondelings die eed van getrouheid af te lê en te onderteken.

Al dertien (13) raadslede lê die eed af en word ingesweer as raadslede van Bergrivier Munisipaliteit.

***

**RVN006/08/2016**
**VERKIESING VAN SPEAKER**
**3/3/1/2**

Die prosedure wat geld vir die verkiesing van Speaker word deur die Munisipale Bestuurder toegelig, met verwysing na Bylae 3 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

Raadsheer A de Vries van die DA kry ‘n onbestrede nominasie. Die Munisipale Bestuurder kondig aan dat Raadsheer A de Vries die Speaker is van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit.

Voorts stel die Munisipale Bestuurder die Speaker voor aan die vergadering, waarna hy die Voorsitterstoel inneem as die Speaker.

***

**RVN007/08/2016**
**VERKIESING VAN UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**3/3/1/2**

Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om nominasies te vra vir die amp van Uitvoerende Burgemeester. Die nominasies word op die geskrewe vorm vir hierdie doel ingedien.

Raadsheer EB Manuel kry ‘n onbestrede nominasie en word deur die Speaker aangekondig as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

***

**RVN008/08/2016**
**UITVOERENDE ONDER-BURGEMEESTER**
**3/2/1/2**

Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om nominasies te vra vir die amp van Uitvoerende Onderburgemeester waarna die nominasies op die geskrewe vorm vir hierdie doel ingedien word.

Raadslid Me SM Crafford kry 'n onbestrede nominasie en word deur die Speaker aangekondig as die Uitvoerende Onderburgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

***

**RVN009/08/2016**
**TOESPRAAK DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**11/1/1**

Die Uitvoerende Burgermeester lewer 'n kort toespraak en meld onder andere dat:

- dienslewering in Bergrivier Munisipaliteit eerste prioriteit van die Raad sal wees;
- die Demokratiese Alliansie 64% stemme in die plaaslike verkiesing verwerf het;
- goeie samewerking/ terugvoering aan die publiek gelewer word;
- voorsiening van werksgeleenthede hoog aangeskryf /ondersteun word;
- gepoog sal word om as die beste Munisipaliteit bekroon te word;
- samewerking van almal bepleit word om Bergrivier die beste Munisipaliteit te maak.

Die Uitvoerende Burgermeester bedank almal vir hul steun en opwagting en belowe weereens die beste dienslewering aan die publiek vir die volgende vyf jaar.

***

**RVN010/08/2016**
**AANWYSING VAN VOLTYDSE RAADSLEDE**
**3/2/1/2**

Kragtens Artikel 9, soos gewysig, van die Instellingskennisgewing, is die onderstaande raadslede aangewys, naamlik:

**BESLUIT:**

1. Dat die Raad kennis neem van die voltydse status van die onderstaande poste.

   Naamlik:

   - Uitvoerende Burgemeester
   - Lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee (Onderburgemeester en twee lede)
   - Speaker

2. Dat die ondertaande Raadslede aangewys word as lede van die Burgemeesterskomitee :

   - Raadsheer R. van Rooy
   - Raadslid M. Wessels

***

**RVN0011/08/2016**
**AANWYSING VAN VOORSITTERS VAN DIE ARTIKEL 80 KOMITEES**
**3/2/1/2**

Die nuut aangewese Uitvoerende Burgemeester kondig die onderskeie portefeulje voorsitters aan, naamlik:

**BESLUIT:**

1. Dat Raadslid Me S Crafford Portefeulje Voorsitter van die Finansiële Dienste Komitee,
2. Dat Raadsheer R van Rooy Portefeulje Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee; en
3. Dat Raadslid M Wessels Portefeulje Voorsitter van die Tegnies Dienste Komitee.

***

**RVN012/08/2016**
**<u>VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGERS OP WESKUS DISTRIKS MUNISIPALITEIT (3/2/2)</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat sy hierdie geleentheid hanteer uit hoofde van die feit dat sy die Munisipale Verkiesingsbeampte (MEO) is vir Bergrivier Munisipale Area.

Die Munisipale Verkiesingsbeampte verduidelik die proses met inbegrip van die kwota en vra dat een verteenwoordiger elk van die DA en ANC as waarnemers aangewys word, waarna raadslid Me S. Lesch (ANC) en raadslid M. Wessels (DA) aangewys word.

Die Munisipale Verkiesingsbeampte vra vir nominasies en verklaar verder dat geen koukus toegelaat sal word wanneer die proses van nominasies 'n aanvang geneem het nie.

Na ontvangs van die nominasies, verklaar die Munisipale Verkiesingsbeampte die nominasieproses as gesluit en bevestig die nominasies wat ontvang is, naamlik:

- DA en ANC; en
- bevestig sy verder dat die genomineerde kandidate hul nominasies diensoorkomstig aanvaar het.

Die name van die DA sowel as die ANC word op 'n blaaibord geskryf. Die Munisipale Verkiesingsbeampte versoek die Onafhanklike Verkiesings-kommissie (OVK) om aan almal teenwoordig aan te toon dat die stembus leeg is, waarna elke raadslid deur Mnr. M Smith van die Onafhanklike Verkiesingskommissie van 'n stembrief voorsien word. Die stem word in geheim deur die raadslede uitgebring en word die stembriewe in die stembus geplaas.

Die Munisipale Verkiesingsbeampte versoek Mnr. M Smith om die stembus oop te maak en die waarnemers om met die tel van die stemme teenwoordig te wees. Die Munisipale Verkiesingsbeampte, met instemming van die Onafhanklike Verkiesingbeampte (OVK), het konsensus aangaande die uitslag, naamlik dat:

- DA = 9 (nege),
- ANC = 4 (vier)

Gebaseer op die toepassing van die kwota, synde DA - 9 ÷ 7 = 1.2857 en ANC - 4÷7= 0.5714 (met weglating van die fraksies) word die volgende resultaat gelewer:

- DA = 1 setel
- ANC = 1 setel

**BESLUIT:**

Dat die verteenwoordigers op die Weskus Distriksmunisipaliteit soos volg is:

- DA = Raadslid Adam Johannes Du Plooy;
- ANC = Raadslid Sanette Smit (Me).

***Munisipale Bestuurder***

***

***Die Speaker reël dat die oorblywende items 13 tot 20 oorstaan tot die volgende raadsvergadering, waarna die Uitvoerende Onderburgemeester die bedankings lewer namens die nuutverkose Raad.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:00*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***